

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 19 - nr. 52.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

29 Desember 2019

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOOGEND: Dr. Petrus Venter

Voorsang:

Sb. 2-4 (33) :1,2

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 92:1,7

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: 69:3,6

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 84:3,5

Skriflesing: Lukas 2:25-40

Preektema:

My oë het U heil gesien ... en Anna ook!

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Bediening vir PMG

Sing: Ps. 118:7,14

Wegstuurseën

Preekskets

Vandag, so 4 dae na Kersfees kom ons by twee mense, so 8 dae na die datum wat Christus gebore was. Die dag waarop Jesus besny moes word. Wat was hierdie twee mense se reaksie op wat die Christusfees se reaksie vir ons ook mag insluit.

Ons kom by 'n ouman en direk daarna by 'n ou vrou, 'n vrou nog ouer as die man. Sy het al 84 nuwejaars beleef! Die man was Simeon en waar ons hom na Kersfees aantref is waar ons dalk kon dink daar eintlik baie mense moet wees?

Née, dis maar 'n leë tempel. So bietjie langer as 'n week gelede het dit begin, juis toe Christus gebore is, toe het dit in die veld daar waar die herders was gedreunsing soos wat miljoene engele die Christus-kind besing het en wat Hy vir die wêreld mag beteken. Baie duisende engele staan in skrilte kontras met bitter weinig mense wat werklik deur die Christus-kind se koms beïndruk was. Slegs die handjiewol herders besoek hom, 'n paar ster geleerdes uit die Ooste en dis dit! Die totaal seker minders as wat daar tone en vingers aan u voete en hande is.

Hierdie twee óu mense wat die kerk van daardie tyd, die tempel se trappies daardie oggend met moeite, soos dit vir 'n oumens nie maklik is nie, sou opkom. Maar dit wat in hulle oë en in hulle harte daardie dag sou opkom is die wonderlikste boodskap wat ons as Kersboodskap mag saamdra en 2020 mag indra.

KOLLEKTES

Vandag: 29 Desember 2019

In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Bediening vir PMG**

Sondag: 5 Januarie 2020

- In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Bediening vir PMG**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 29 Desember 2019 – **Wyk 6**

- **Ouderling:** Br. Lukas Potgieter
- **Diaken:** Br. Michiel Burger
- **Wyksusters:** Sr. Mientjie Burger

Volgende week – 5 Januarie 2020 - **Wyk 9**

- **Ouderling:** Br. Ferreira Meyer
- **Diaken:** Br. Barend Snyman
- **Wyksusters:** Sr. Cecile de Kock
-

MEELEWING

- Ons dink in ons gebede aan sr. Marie Fourie wie se gesondheid onder sware druk verkeer. Sy is tans by die huis. Ons dink in besonder aan haar, br. Bertie, sr Koos en familie in sware tyd. Ook waar sy onlangs geval het beseft ons dit is ook 'n groot terugslag vir haar.
- Ons dink aan sr Annelie Williams wat haar rug vir haar met tye baie pyn veroorsaak. Ons vertrou dat die mate van beterskap bestendig mag wees.
- Ons wil in hierdie tyd van uitermate droogte en swaar toestande vir ons boere op die plase wat knellend op gesinne en families inwerk van ons voorbidding verseker. Mag die Here wat alleen die uitkoms kan gee ons genadig wees.

VERJAARSDAE

Woensdag 1 Jan Sr. Chris-Mari Strauss

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons bedieningshulp in Groenwater het in die laaste maande weer kon hervat. Daar bly uitdagings maar ons vertrou in dit wat reeds hanteer is en aangespreek kon word, daar wel daarop voortgebou kan word. Volgende erediens waar dr. Venter daarheen sal gaan, sal eers weer in 2020 wees.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

CREATION-MINISTRIES BESOEK POSTMASBURG

Op Saterdag-oggend 1 Febr. 2020 hou ons 'n Skepping Seminaar. Pieter le Roux handel o.a. oor die vraag: *Waar kom die verskillende rasse vandaan?* Hy praat ook oor *Dinosourusse en die Bybel*, wat ook insluit: *Genesis: Fondasie van die Evangelie ...* Hou asb. die Saterdag-oggend oop wat lyk 'n besondere geleentheid te wees.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik. Ook word oor kremasie (verassing) besin ... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by

<http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-klasse vind Sondae na die ereediens by die kerk plaas.

Die Voor-belydenisklas vind Sondae 'n kwartier na die ereediens ook by die kerk plaas. Ons het vir die jaar daarmee afgesluit.

Ons Belydenisklas en ook volwasse kategese klasse vind Maandae-middae plaas. Reëlings met die groepe sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word. Ook afgesluit vir die jaar.

KERKKANTOOR

Ons is opsoek na ou koerante by die kerkkantoor.

Die Jaarkalender vir 2020 is in die voorportaal beskikbaar. Ook ons jaarboek, *Die Almanak* met dagstukkies en al die gemeentes se inligting kan intussen by dr. Petrus afgehaal word. Daar is alreeds heelwat *Almanakke* afgehaal. Ons besef almal wat afgehaal het, het nie noodwendig almal bestel nie. Daar sal nog weer uit Potchefstroom van die boeke gekry kan word.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie Maandae 19h00 Aandgroep

Bybelstudie Dinsdae 10h00: Oggendgroep

Ons gaan DV 2020 voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereediens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

OMGEWINGSPITKOS – Dr. Peet van der Walt

Om die tydsame proses van omgewingsvoortgang te bespoedig, moet ons as redelike skepsele van God van klein tot groot deurlopend dinamies betrokke by omgewingskwessies raak. As 'n span moet ons as kerk ook met sorgsaamheid 'n bewaringsbewuste gedrag en gesindheid deur prediking kweek. Ons is deel van 'n wêrelddeel met meer armes as rykes wat elk afsonderlike eise aan die omgewing en die ekonomie stel. Die massas het nie geleer hoe belangrik 'n omgewing is wat basiese behoeftes bevredig nie. Dus beplan met verdraagsaamheid maar met 'n wil om 'n wankelende omgewing te koester. Dan kan die skynbaar onmoontlike tog moontlik word. Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is (Matt. 9:12).

KALENDER (JAARBEPLANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie [pmg_calendar.ics](http://bit.ly/2D0uRqf)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met 'n droogte ongekend en ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In Desember en Januarie 2020 wil die predikant graag op wyk 6 konsentreer met huisbesoeke. Hy sal u kontak om afspraak vas te maak. As enigiemand uit van die ander wyke wel behoefte het dat hy vroeër by u moet uitkom, moet asseblief nie aarsel om hom te kontak nie.

HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

VERGADERINGS:

Volgende kerkraadsvergadering vind DV 19 Feb. 2020 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	32
Bydrae: Dankbaarheids Fonds	R 671
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 788

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za